21 Gebede

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Paulus se gebed 2

## Efesiërs 3:14-21

*Dit is een van die mooiste gebede in die Bybel. Hierdie omvattende gebed is soos trappe van seëninge.*

*Op die eerste trap lê die seën van krag - om aan vas te hou (vers 16).*

*Op die tweede trap lê geloof - om te verstaan wat God vir jou gedoen het en steeds doen (vers 17).*

*Op die derde trap lê die liefde - om te verstaan hoe lief God jou het en hoe jy ander moet liefhê (vers 18).*

*Op die vierde vlak lê die volheid van God (vers 19).*

*En heel bo is God! Sodat ons nooit te klein oor God sal dink nie (vers 20-21).*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

*Om met vreugde te leef, om te dans en lof aan God te bring - dis die lewe!*

*(Bybel 24/7)*

Huiskerk

Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Paulus se gebed 2

Paulus se eerste versoek is dat God hulle innerlik sterk sal maak. (v16). Wat dink jy beteken dit om "innerlik sterk" te wees?

Watter hulpbronne het God om dit te doen?

Watse kenmerke toon iemand wat in Christus woon?

Waarom dink jy bid Paulus dat liefde hulle wortel sou wees, hulle vaste grondslag?

Paulus bid dat hulle God se liefde sal ken. Hoe beskryf hy daardie liefde?

Hoe bevestig God se optrede Sy liefde vir ons?

Watse waarheid is vir jou die belangrikste as jy nadink oor die gebed van Paulus vir die gelowiges in Efese?

Gebruik Paulus se gebed as 'n model en skryf maniere neer waarop jy hierdie week vir mense in jou lewe kan intree in gebed.